

# **DIE WAPENEIENAARS VAN SUID-AFRIKA** **OPERASIONELE HANDLEIDING**

'n PRAKTIESE STRATEGIE TER BESKERMING VAN ONS REGTE

## 1. WAAROM BETROKKENHEID OP VOETSOOLVLAK NOODSAAKLIK IS

Wanneer mense ingelig is kan hulle tot gebed en aksie geïnspireer word. Mense is gewoonlik ontstoke en gemotiveer om tot aksie oor te gaan wanneer feite onder hul aandag gebring word. Die probleem is dat die nodige leiding in dié verband gewoonlik ontbreek. Sodra ons egter 'n ingeligte gemeenskap daargestel het moet ons ons hulpbronne aktiveer. Andersins gaan die situasie ontstaan dat ons te veel koppe en te min voete het.

Nuusbriewe is 'n belangrike afskoppunt. Dit vorm die basis waarvandaan ons projekte van stapel gestuur kan word. Die eerste stap is om inligting te versprei. Wanneer eposnetwerke gevestig is waardeur daar met ons lede gekommunikeer kan word kan begin word om hulle aktiewe betrokkenheid te verkry.

Elke persoon wat 'n kommunikasie ontvang is 'n potensiële leier in sy of haar gemeenskap, klub, kerk of vriendekring. Hulle is diegene wat ingelig word en wie hul gemeenskapsleiers en die mense in hul omgewing ken. Dit is wat bedoel word met mobilisering op voetsoolvlak wanneer mense vanaf voetsoolvlak georganiseer word.

Wanneer groepe op voetsoolvlak ingelig, georganiseer en aktief is kan die hele vuurwapengemeenskap binne die bestek van 'n paar dae tot aksie opgeroep word. Dit beteken dat wanneer daar 'n krisis of 'n geleentheid ontstaan ons ons magte kan mobiliseer. Ons netwerk sal reeds betrokke gewees het in plaaslike gevegte, gereed en reg om tot aksie oor te gaan.

## 2. PRAKTIESE TOEPASSING

### 1. Mense benodig 'n leier.

Alle weermagte moet vir praktiese doeleindes 'n bevelvoerder hê sodat elkeen op die hoogte kan wees van wat van hom of haar verwag word. Dit verhoed chaos en verskaf rigting. Dit is noodsaaklik vir massa beweging. Om mense op voetsoolvlak byeen te roep is dit noodsaaklik dat hulle 'n kontakpersoon het aan wie hulle hul vrae kan rig, wat oorsig oor projekte kan hou en wat leiding en rigting kan verskaf. Ons as vuurwapeneienaars het individue of organisasies nodig wat die leiding met hierdie voetsoolvlakprojek kan neem. Tans is daar verskeie organisasies wat by verskeie projekte betrokke is en wat uiteindelik almal dieselfde doel nastreef naamlik die beskerming van vuurwapeneienaars se regte. Namate ons rondom hierdie gemeenskaplike doel verenig sal ons baie meer effektief word. In stede daarvan dat elkeen van ons duisende mense op ons eie bereik kan ons gesamentlik miljoene bereik.

### 2. Elke individu het sy eie invloedssfeer.

Waar u uself ookal bevind, in elke area van u lewe, is daar een of meer persone wat u kan beïnvloed met die waarheid ten opsigte van die wettige besit van vuurwapens en die beskerming van jou gesin, die ondersteuning van die ekonomie, die gebruik van vuurwapens vir sport, ensovoorts.

### 3. Ons het nodig om te verenig rondom ons gemeenskaplike doelwit.

Die doelwit waarna ons almal streef is die skrapping van die Vuurwapenbeheerwet. Ons kan verenig deur alle lede van ons onderskeie organisasies te vra of hulle daarin sou belangstel om 'n WESA selgroepe in hul onderneming, skietklub, kerk, ensovoorts te stig. Sulke groepe sal strategie en aksiegroepe wees wat deur WESA sal netwerk. Wanneer 'n belangrike aangeleentheid na vore kom wat reaksie van vuurwapeneienaars vereis sal hierdie groepe in kennis gestel word. Op hul beurt kan hulle hul onderskeie gemeenskappe mobiliseer en gesamentlik kan ons dan die vyand aanval en beveg waar hy ookal op watter tydstip mag wees.

### 4. Blaas die trompet.

Wanneer 'n area van ons netwerk aangeval word sal die trompet geblaas word sodat al die ander groepe se aandag na daardie punt gelei kan word om vir ons saak te veg. Prakties beteken dit dat daar by tye sake na vore kom wat nasional aandag vereis.

Met die beskikbaarheid van 'n Nasionale Kommunikasie Koördineerder en selgroepe oral in die land kan daar effektief en onmiddellik op sodanige aanvalle greageer word. In plaas van duisende vuurwapeneienaars wat elkeen onafhanklik in sy eie rigting werk sal ons 'n gekombineerde stem em mag hê om mee te reageer. Die trompette wat vandag tot ons beskikking is sluit in poslyste, literatuur, faksnetwerke, telefoonnetwerke, epos en die radio.

Inligting is goedkoop. Rou inligting wat vandag die meeste van koerante se inhoud beslaan kos nie veel nie en word in werklikheid gebruik om vuur mee te maak, katte se mandjies uit te voer of word weggegooi slegs 'n paar dae of ure nadat dit gepubliseer was. Om te verstaan is van waarde. Wysheid en onderskeidingsvermoë, wat ons help om die kern van 'n saak te begryp, is baie waardevol. Diepgaande artikels en enige insiggewende analyse or relevante briewe moet uitgeknipt en gebêre word vir toekomstige verwysing of aksie. Deelname is van die uiterste belang. Ditwat ons help om betrokke te raak om 'n verskil te maak in enige projek is die mees waardevol. Wat ookal vir ons kan help om meer effektief te wees in die stryd om ons reg om vuurwapens te besit en te gebruik is van betekenisvolle waarde.

WESA verskaf nie slegs waardevolle insigte en perspektiewe oor die taai kwessies van die dag ten opsigte van vuurwapeneienaarskap nie, maar nooi u uit om aktief deel te neem aan die stryd om vuurwapens te besit en te gebruik. U word uitgenooi om betrokke te raak in die daarstel van die strukture wat benodig word om ons regte te beskerm. Die doel van WESA is nie net om in te lig en te inspireer nie, maar ook om vuurwapeneienaars betrokke te maak. U word aangemoedig om ander te onderrig en in te lyf by hierdie beweging met die doel om vuurwapeneienaars te motiveer en te mobiliseer om 'n verskil te maak.

Wat presies word bedoel met WESA selgroepe?

'n WESA selgroepe is niks anders nie as 'n paar vuurwapentoesiaste wat op 'n gereelde basis saamkom met die spesifieke doel om mee te werk tot die herroeping van die Vuurwapenbeheerwet en om die reg van vuurwapeneienaars om hul vuurwapens in Suid-Afrika te besit en te gebruik te beskerm. 'n Gemiddelde selgroepe bestaan uit 'n selleier en 4 tot 7 lede.

Met hierdie inleidende kommunikasie het u die volgende ontvang:

1. U eerste vergadering.
2. Idees vir projekte.
3. Wat moet gedoen word?
4. Hoe om effektiewe briewe te skryf.
5. Radio inbelprogramme en debatte
6. Hoe om 'n demonstrasie te organiseer.

Basies sal hierdie kommunikasie aan u verduidelik wat ons visie is, hoe u by die plan inpas en riglyne oor hoe om aan die gang te kom.

Wanneer u selgroep gestig is sal dit ideal wees om een keer per week te vergader of ten minste een keer per maand. Die vergaderings moet verkieslik om en by 'n uur duur.

Gedurende hierdie uur sal strategie en aksie bespreek word. Soos wat die groepe gestig en gevestig word kan ons begin om spesifieke projekte aan te pak. Byvoorbeeld, een maand mag daar gefokus word op 'n briefskryfveldtog. Die volgende maand mag ons literatuur versprei. Die doel van die projekte sal wees om voete aan die nuusbriewe en inligting te gee. Dit is om ons mense vir aksie op te lei en diegene rondom ons te onderrig.

## DIE STRATEGIE VIR AKSIE

Die stryd om die reg om vuurwapens te besit en te gebruik is besig om toe te neem in intensiteit. Dit is 'n stryd om die hart, rede en siel van die mense; dit is nie slegs 'n fisiese stryd nie, maar ook 'n geestelike stryd wat die vorm en rigting van ons nasie sal bepaal.

Ons moet by hierdie stryd betrokke wees ter wille van die lewe en vryheid van ons gesinne. Ons moet veg vir die vryheid om ons vuurwapens te mag besit. Ons moet die anti-vuurwapen plaag in ons samelewing en die media beveg en die vloek van kompromie en lafhartigheid binne ons geledere, klubs, ensovoorts teenwerk.

## U EERSTE VERGADERING

Hierdie is slegs 'n basiese riglyn om u te help om u eerste GOSA selgroepvergadering te organiseer. U is nie verplig om streng volgens hierdie riglyn te handel nie angesien dit slegs bedoel is om 'n hulpmiddel te wees. Daar is egter bevind dat hierdie modelskedule goed werk:

Lig u groep in omtrent die aangeleentheid waarby u betrokke is en die projek waaraan u werk.

Gaan dan oor na strategie en aksietyd:

1. Stel die groep in kennis van die projek van die maand.
2. Deel afskrifte van voorbeelde van briewe en ander idees oor hoe hulle direk betrokke kan raak uit.
3. Dit is 'n goeie idee indien u hierdie tyd kan benut om briewe te skryf. Sorg dat u papier en penne gereed het. Dit is 'n goeie plek om te begin.

4. Wanneer uitreikings of aksies betrokke is u hierdie tyd gebruik om ontmoetingstye en praktiese reëlins te bespreek.
5. Bespreek nuwe strategie idees en notuleer hulle.

## IDEES VIR PROJEKTE

Nou, meer as enige tyd gedurende die afgelope vyf jaar, is dit die tyd vir my en u om op te staan en 'n verskil te maak. Ons moet 'n standpunt inneem oor die kwessie van vuurwapenbeheer en die volgende projekte kan help om ons land in 'n misdaadvrye omgewing te verander en daartoe te lei dat ons vry mense is en in staat om vuurwapens te besit en te gebruik vir die verdediging van onself en ons gesinne, vriende en medeburgers:

- Organiseer gebedsbyeenkomste vir die nasie, leiers, kerke, gesinne, vir hervorming van die gemeenskap en herlewing in die harte van die bevolking.
- Briefskryfveldtogte: aan regeringsamptenare, sakelui, tydskrifte en koerante.
- Bemoedig diegene wat pro-vuurwapen gesind is en stuur briewe van beswaar aan diegene wat vuurwapeneienars in 'n slegte lig stel.
- Briewe aan die redakteur. Hierdie is 'n uitstekende metode wyse om die openbare aandag op die behoefte van wetsgehoorsame burgers om vuurwapens te besit te vestig. U kan ongebalanseerde berigte in u plaaslike ef nasionale koerante en tydskrifte regstel.
- Spreek u in die openbaar uit. Benut elke geleentheid om u uit te spreek oor die positiewe aspekte van verantwoordelike vuurwapeneienaarskap in u kerke, skole en omliggende gemeenskappe.
- Literatuur verspreiding. Voorsien vriende en familieledes inliggende literatuur om die verantwoordelike gebruik en eienaarskap van vuurwapens te ondersteun.
- Reël 'n vreedsame protesoptog. Plakaatdemonstrasies voor regeringsgeboue waar hierdie aangeleentheid aangespreek word geniet dikwels mediadekking en stel die gemeenskap altyd op 'n dramatise wyse van u besorgdhede in kennis.
- Adverteer in die openbare media. Bring plakkate in openbare plekke aan.
- Gebruik videos, bufferplakkers en T-hemde om u boodskap oor te dra.
- Delegasies en onderhoude met invloedryke mense. Versoek onderhoude met regeringsamptenare of u plaaslike Parlementêre Verteenwoordiger. Voorsien hom van 'n eksemplaar van Firearm News en versoek hom om iets te doen om die wet te verander om vuurwapeneienaarskap te akkommodeer. Indien hulle nie aan u versoek voldoen nie vind 'n party wat bereid is om dit te doen en werk die anti-vuurwapen party uit deur u vir die pro-vuurwapen party te beywer en dit te ondersteun.
- Doen navorsing oor die vyand en stel hulle aan die kaak. Vind uit alles wat u kan oor wapenvrye groepe en ontbloot hul breinlose agenda in die openbaar en in die media.

Die ANC regering het nie 'n oplossing gevind vir die epidemie van misdaad in die land nie. Insteede daarvan het hulle die Vuurwapenbeheerwet ingestel wat immoreel is in die sin dat dit die misdadiger en die wetsgehoorsame burger dieselfde behandel. So lank as wat hierdie situasie voortduur moet ons, die wetsgehoorsame burgers, voortgaan om die reg om onself en ons gesinne te verdedig te eis.

## WAT GEDOEN MOET WORD

Die taak is groot en die werkers is min – niemand kan alles alleen doen nie, maar ons kan almal iets doen en wat ons kan doen moet ons doen en wat ons moet doen sal ons doen deur die genade van God wat aan ons ons lewe, talente, gawes en geleenthede skaenk. Hier is 'n paar voorstelle:

Wees ingelig oor wat vandag aan die gang is in ons wêreld en in ons kerke.

Skryf aan en teken in op publikasies soos: Vuurwapen Nuus by Posbus 2522, Clareinch, 7740 of stuur 'n epos boodskap aan [firearmnews@frontline.org.za](mailto:firearmnews@frontline.org.za).

Besoek die WESA webwerf (<http://www.gunownerssa.org>) vir die nuutste inligting.

Skryf aan u plaaslike koerant, geliefkoosde tydskrif, Parlementêre Verteenwoordiger en ander op grond van die inligting wat ons aan u voorsien. Hou diegene wat anti-vuurwapen of onakkurate artikels skryf of stellings maak daarvoor verantwoordelik.

## BRIEWE AAN DIE REDAKTEUR

The Argus	<a href="mailto:arglet@ctn.independent.co.za">arglet@ctn.independent.co.za</a>
Beeld	<a href="mailto:briewe@beeld.com">briewe@beeld.com</a>
Cape Times	<a href="mailto:ctletters@ctn.independent.co.za">ctletters@ctn.independent.co.za</a>
Citizen	<a href="mailto:citizen@citizen.co.za">citizen@citizen.co.za</a>
The City Press	<a href="mailto:news@citypress.co.za">news@citypress.co.za</a>
The Daily Dispatch	<a href="mailto:eledit@iafrica.com">eledit@iafrica.com</a>
The Evening Post	<a href="mailto:epherald@tmecl.co.za">epherald@tmecl.co.za</a>
The Mail & Guardian	<a href="mailto:letters@mg.co.za">letters@mg.co.za</a>
Natal Witness	<a href="mailto:mail@witness.co.za">mail@witness.co.za</a>
Pretoria News	<a href="mailto:letters@ptn.independent.co.za">letters@ptn.independent.co.za</a>
Rapport	<a href="mailto:briewe@rapport.co.za">briewe@rapport.co.za</a>
Sowetan	<a href="mailto:letters@sowetan.co.za">letters@sowetan.co.za</a>
The Star	<a href="mailto:letters@star.co.za">letters@star.co.za</a>
The Sunday Independent	<a href="mailto:scribe@sunday.independent.co.za">scribe@sunday.independent.co.za</a>
The Sunday Times	<a href="mailto:stletters@sundaytimes.co.za">stletters@sundaytimes.co.za</a>
The Sunday Tribune	<a href="mailto:tribletter@nn.independent.co.za">tribletter@nn.independent.co.za</a>
Die Burger	<a href="mailto:dbnred@dieburger.com">dbnred@dieburger.com</a>
The Boksburg Advertiser	<a href="mailto:boksburgadvertiser@caxton.co.za">boksburgadvertiser@caxton.co.za</a>
The Helderberg Mail	<a href="mailto:kareng@helderberg.com">kareng@helderberg.com</a>
Die Landbouweekblad	<a href="mailto:lbw@landbou.com">lbw@landbou.com</a>
The Randburg Sun	<a href="mailto:randburgsun@caxton.co.za">randburgsun@caxton.co.za</a>
The Star	<a href="mailto:sma@star.co.za">sma@star.co.za</a>
Volksblad	<a href="mailto:briewe@volksblad.com">briewe@volksblad.com</a>
The Goldnet Welkom	<a href="mailto:news@goldnet.co.za">news@goldnet.co.za</a>

IOL  
Tyger Burger  
The Herald

letters@iol.co.za  
tyger@dieburger.com  
theherald@johnnic.co.za

Onthou – wanneer u briewe aan die Redakteur skryf – wees kort, akkuraat, spesifiek en beleefd, maar ferm op die onderwerp en relevante kwessies. En onthou om altyd u naam, adres en telefoonnommer te verstrek.

Spreek u uit ten gunste van vuurwapenverwante kwessies by u huis, skool, werk, kerk en universiteit. Bevorder en versprei Vuurwapennuus en ander pro-vuurwapen material.

In beginsel moet u in al u kommunikasies spesifiek wees, argumente vermy, eerder onderbeklemtoon as oordryf en altyd beleefd, maar ferm wees. In u eerste kommunikasie moet u aan die persoon die voordeel van die twyfel gee en aanvaar dat hy – wanneer ingelig – met u beginselvaste standpunt sal saamstem.

Wees gewillig om aktief te wees en stel uself beskikbaar aan WESA selgroepe. Ons benodig mense wat kan help met kunswerk, vertalings, tikwerk, posversending, literatuur verspreiding, gasvryheid aan buitelandse gaste of besoekers, briefskryfveldtogte, petisies, optogte, berading en die organisering van openbare vergaderings.

Reël vergaderings vir ons by u skool, kerk damesgroep en/of jeuggroep en en nooi een van ons sprekers om die word te versprei en die visie te bevorder.

Dra ruim by om WESA se aktiwiteite, projekte, seminare en publikasies te ondersteun.

Bestel of dupliseer WESA literatuur en nuusbriewe en versprei dit wyd onder vriende, familie en kollegas by die werk.

## HOE OM EFFEKTIEWE BRIEWE TE SKRYF

### 1. IDENTIFISEER USELF

Verhoog u effektiwiteit deur uself te beskryf as: 'n Stemgeregtigde of korrespondent wat aan ander lede van die Parlement of Kabinetsministers skryf, 'n kieser, veldtogondersteuner, lid van die party, ensovoorts. 'n Aktiewe burger (lid van 'n burgerregtegroep, diensorganisasie, Lions Club, godsdienstige organisasie, ensovoorts. 'n Belastingbetaler (boer, vakbondlid, huisvrou, sakeman, aandeelhouer, huiseienaar, ensovoorts.

### 2. WEES VRIENDELIK

Briewe van bedagsame vriende of besluitelose kiesers het meer invloed as briewe van beledigende vyande. Laat skeldtaal en dreigemente oor aan die ander kant.

### 3. EEN ONDERWERP PER BRIEF

Vermy lang briewe wat oor verskeie onderwerpe handel. Skryf meermale oor verskillende kwessies. U sal tyd bespaar. Skryf 'n meer gefokusde en leesbare brief en u sal u effektiwiteit vermenigvuldig.

### 4. WEES NETJIES EN KORT

Indien moontlik tik u brief. Andersins moet u netjies of in drukskrif skryf sodat dit maklik leesbaar is. Laat genoeg kantlynspasie en spasie tussen lyne. U adres moet volledig en duidelik leesbaar op die brief en die koevert wees. Skryf 'n kort opening, twee of drie paragrawe oor die onderwerp en 'n kort slot.. Probeer om nie meer as een bladsy te skryf nie.

### 5. ADRESSEER BEHOORLIK

Die Minister van ...  
Volle naam en titel  
Privaatsak ...  
Poskode, Stad

Geagte mnr ...

Met verwysing na ...

### 6. KEN U ONDERWERP

Weet hoedat die wet u reg op vuurwapeneienaarskap skend. Identifiseer die wetgewing deur 'n konsepwet of wetnommer tensy dit wyd gepubliseer is onder 'n spesifieke naam. Indien 'n bepaalde verandering die wet meer aanvaarbaar sal maak beskryf die verandering wat u graag sou wou sien en waarom u dit sou wou sien. U moet beide toepaslike historiese gebeure aanhaal en logiese en rasonale argumente gebruik in u poging om die anti-vuurwapen individu te oortuig dat die standpunt wat u inneem goed en logies is.

### 7. WEES SPESIFIEK

Verwys na spesifieke argumente eerder as veralgemenings soos “hierdie konsepwet is nutteloos”. Wanneer u spesifiek is plaas dit Parlementslede onder druk om spesifiek te wees in hul antwoord. Vra die vraag: “Sal u hierdie wetswysiging ondersteun? Indien nie, sal u asseblief verduidelik waarom nie?” Dit sal somtyds die Parlements lid noop om vir die eerste keer ernstige aandag aan die kwessie te skenk.

## 8. VERLEEN GEWIG

Indien u van voornemens is om 'n verslag aan kerk of burgerregte organisasie voor te lê vermeld dit. U kan 'n uittreksel uit u plaaslike koerant aanheg om u standpunt te ondersteun. Maak seker dat u die naam van die koerant en die datum vermeld. 'n Ander manier om gewig aan u briewe te verleen is om 'n brief aan die redakteur te skryf met 'n afskrif aan die Parlements lid om hom te laat weet dat u ook ander kiesers beïnvloed.

## 9. GEEN “VORM” BRIEWE

“Vorm” briewe of briewe wat gekopieër is van “voorbeeld” briewe toon dat u nie genoeg in die onderwerp belangstel om die tyd te neem om u eie gedagtes en gevoelens daarvoor op skrif te stel nie. U verteenwoordiger wil weet hoe u voel en solank as wat die redakteur dit kan lees maak dit nie saak indien die spelling en taal nie perfek is nie.

Moet nooit na 'n ander persoon of groep verwys as die bron van u idees nie. Dit skep vir die Parlements lid die geleentheid om die kwessie te ontduik deur die bron aan te val. Indien u egter meen dat hulle simpatiek, maar oningelig is kan u literatuur soos traktaatjies of pamflette insluit om u posisie verder te verduidelik. Persoonlike briewe is beter as groepsbriewe en petisies.

## 10. VERSOEK 'n ANTWOORD

Indien 'n antwoord nie verlang word nie sê so. Indien u 'n antwoord op 'n spesifieke vraag verlang vra daarvoor. Dit doen nooit skade om te probeer om 'n onderneming van u verteenwoordiger te probeer verkry nie, maar moenie verbaas wees indien hy dit sal vermy in die aanloop tot 'n verkiesing nie. Hy mag werklik besluiteloos wees en meer tyd benodig om dit te oorweeg. U kan sy besluiteloosheid as 'n geleentheid benut om 'n tweede brief oor die onderwerp te skryf waarin u met nuwe argumente na vore kom.



## RADIO IN-BEL PROGRAMME EN DEBATTE

**In 'n radio in-bel mag u dalk slegs tyd gegun word om 'n paar sinne te spreek – maak dus seker dat u gereed is met kragtige, indringende verklarings.**

Bv. : Gewapende burgers red lewens.

'n Gewapende samelewing is 'n hoflike samelewing.

Wapenbeheer maak die werksomgewing vir kriminele veiliger om misdaad te pleeg.

Noem een land waar wapenbeheer gelei het tot 'n vermindering van misdaad.

Wapenbeheer maak dood.

Rwanda was 'n wapenvrye gebied.

Wapenvrye gebiede is waar slegs kriminele vuurwapens besit.

Kriminele verkies ongewapende slagoffers.

**In 'n debat sal u meer tyd he om argumente te ontwikkel (as u op die paneel is) maar dieselfde beginsels sal van toepassing wees.**

Die voordeel van radio is : U kan nie gesien word nie, so hou u leesstof voor u oop sodat u alle feite byderhand het.

Wees vrymoedig en onbeskaamd vir u boodskap. Wees kalm,redelik,feitlik, logies en verstandig. Moenie emosioneel, frustrerend of irriterend raak nie.

Beplan wat u wil sê. Skryf die hoofpunte neer. Moenie poog om te veel geskilpunte aan te raak nie. Herhaal u belangrike stellings op verskeie maniere : “ Gewapende burgers red lewens. Wapenbeheer maak dood.”

Oorbrugging : “Is 'n reaksie op 'n vraag wat ook inligting voorbring wat nie direk betrekking op die vraag het nie. Oorbrugging skep die geleentheid vir u om ver meer te kan praat en nogtans hoflik teenoor die ander party op te tree. Oorbrugging gee u die geleentheid om by verre die meerderheid van die gesprek na areas in u guns te stuur.

Oorbrugging gee u die geleentheid om die feite wat u voor die gesprek aangeteken het en wat u graag wil oordra te bespreek. Oorbrugging word heelmoontlik die beste deur politici gebruik maar dit kan deur enige mens aangeleer word. Dit is feitlik moontlik om enige inligting in reaksie op enige vraag aan 'n gehoor te gee.” ( Maak 'n verskil).

Praat vir 60% van die beskikbare tyd deur redes te gee vir u antwoorde en oorbrugging. Moenie enigeen in die rede val nie. Wees hoflik. Onthou dat u alle vuurwapeneienaars in u gesindheid en gedrag verteenwoordig.

Herhaal jou standpunte op verskeie maniere.

Hou by u hoofstandpunte – Moenie van die onderwerp van bespreking weggelei word deur op 'n hasejag te gaan nie.

As u vashaak, sê iets wat sin maak en oorbrug na 'n onderwerp waarmee u goed vertrouud is. Moenie moedeloos word nie. Vaardigheid verbeter met oefening.

Maak gebruik van goed bewoorde verklarings : 'n Regering wat bevrees is vir wapens in die hande van sy burgers moet self ook gevrees word. 'n Regering wat nie sy eie burgers met wapens vertrou nie, kan ook nie met mag vertrou word nie.

Dit is 'n slegte werker wat sy gereedskap beskuldig. Vuurwapens is slegs gereedskap –soos 'n hammer, 'n boor of 'n motor. Dit is onlogies om 'n koue, metaal, lewelose voorwerp te blameer vir die onheil wat mense verkies om te doen.

Raak vertrouud met die algemene redenasies. Reken met hulle af tydens u intree verklaring of wees by magte om daarop te reageer as dit in vrae voorkom.

Visueel. (Gebruik in debatvoering : Koerantuitknipsels, Videos, aanplakbiljette, groot prente, oorhoofseprojektors, of kragpunte).

Wees positief in die woorde wat u gebruik. “Wat klink die ergste? ‘My pa was teenwoordig by 'n publieke byeenkoms. Die verhoog waarop hy gestaan het, het ingetuimel. Hy het geval en is dood’ of my pa was 'n veroordeelde misdadiger wie in die publiek gehang was.’? Wat klink beter? Hulle het geurige, lekker, sagte biefstuk gehad. ‘ of ‘Hulle het die walglike gewoonte gehad om aan 'n karkas van 'n dier te smul wat 'n maand gelede geslag was.’” ( Maak 'n verskil).

Verstrek altyd 'n adres, webwerf en /of telefoonnommers waar mense dokumente asook meer inligting omtrent die onderwerp kan bekom.- Moenie goedkeuring vra nie, voeg net by dat u vir diegene wat dokumentasie verlang aanbeveel om die volgende te lees : Holocaust in Rwanda , of Shooting Back van G.O.S.A. – of Firearm News of besoek die [www.christianaction.org.za](http://www.christianaction.org.za) of [www.gunownerssa.org](http://www.gunownerssa.org) webwerf.

Stel 'n vraag aan 'n persoon op die paneel wat u mening ondersteun. U wil u kant 'n geleentheid gee om te praat. U wil nie die teenstanders 'n opening gee nie, selfs nie deurmiddel van 'n strik vraag aan hulle te stel nie, want as hulle dit nie kan antwoord nie sal hulle eenvoudig oorbrug en se wat hulle wil se en versterk u sodoende hulle posisie.

Sorg dat u 'n goeie sluitingsrede of verklaring het, bv.:

Misdadigers verkies ongewapende slagoffers.

Gewapende burgers red lewens, maar ongewapende burgers word geheel en al hulpelose slagoffers.

Ons benodig misdaadbeheer –nie wapenbeheer nie.

HOE OM DEMONSTRASIES TE ORGANISEER

## **1. BEPLANNING**

- 1.1 Stel 'n kommitee aan.
- 1.2 Besluit op 'n Datum, Tyd, Plek en advertensie strategie.

## **2. GOEDKEURING**

- 2.1 Kontroleer met u Munisipaliteit.
- 2.2 Vir Kaapstad Sentraal en omliggende gebiede :  
Stads Administrateur  
Posbus 298 Kaapstad 8000  
Tel. 400-3899 Faks : 25-1497
- 2.3 Vinniger om te faks, vra hulle om onmiddellike reaksie vir advertensie doeleindes.
- 2.4 Neem altyd die brief wat deur die Munisipaliteit uitgereik is saam na die demonstrasie.

## **3. PERSOONLIKE UITNODIGING**

- 3.1 Benader u gemeenskapsleiers, stadsraadgewers, klubvoorsitter ens. Met 'n nederige en leersame houding.
- 3.2 Deel die visie, deel die behoefte en voorsien hulle van materiaal met betrekking tot die aangeleentheid.
- 3.3 Reel 'n bestelling vir 'n tweede besoek om hulle betrokkenheid te bekragtig.
- 3.4 Versoek hulle om die leiding te neem.

## **4. DEELNAME**

- 4.1 Advertensies : TV, radio, koerante, u eie publikasies, of webwerwe, pos, e-posse, plakkate, klubaankondigings, omsendbriewe, kennisgewingborde en persoonlike uitnodigings.
- 4.2 Aktiewe rekrutering met videobande, traktate en ander leermiddels.

## **5. PERS**

- 5.1 Persvystellings voor en na gebeure. Nooi hulle uit en skryf dan 'n mini artikel om hulle te vertel hoe dit gegaan het, iets wat hulle vir publikasie kan gebruik.
- 5.2 Hou pers pakette by die demonstrasie gereed vir joernaliste.
- 5.3 Moedig deelnemers aan om briewe aan die redakteurs in verband met die aangeleentheid te skryf.

- 5.4 Stel 'n bevoegde en elegante pers-spreker aan en vertel almal om enige media-verteenwoordigers na hom of haar te verwys.

## **6. PLAKKATE**

- 6.1 Groot letters wat vanaf 'n afstand leesbaar is; swart of rooi op wit of swart op geel werk die beste. Hou dit eenvoudig, skoon, duidelik en openhartig. Onthou die doel is om in te lig en uit te daag.

## **7. BEKENDMAKING**

- 7.1 Dit is belangrik om die geleentheid te gebruik vir die verspreiding van literatuur, om in te lig, inspireer en te betrek.

## **8. WEES VOORBEREID**

- 8.1 Hou u mense so goed as moontlik ingelig.

Deur Dr. Peter Hammond vir WESA.  
Geredigeer deur Charl van Wyk

## AANBEVOLE BOEKE

Charl van Wyk, CLB. *Shooting Back* – the Right and Duty of Self Defence.

Peter Hammond. *Holocaust in Rwanda* – the Roles of Gun Control, Media Manipulation, Liberal Church Leaders and the United Nations, Frontline Fellowship.

Peter Hammond. *Security and Survival in Unstable Times*. United Christian Action.

Miriam Cain. *Make a Difference!* A Christian Action Handbook for Southern Africa Peter Hammond. Africa Christian Action.

Peter Hammond. *Biblical Principles for Africa*. Christian Liberty Books.

Tom Barlow and Peter Hammond. *South Africa – Renaissance or Reformation?* United Christian Action.

Peter Hammond. *In the Killing Fields of Mozambique*. Frontline Fellowship.

Larry Pratt. *On the Firing Line*. Firearm News.

Stephen P. Halbrook. *Target Switzerland*. Firearm News.

## **U VERANTWOORDELIKHEDE OP PLAASLIKE VLAK**

Plaaslike vlak eenhede nomineer 'n Provinsiale Verteenwoordiger.

### **VOORSITTER**

1. Rapporteer terug aan die Nasionale Kommunikasie Koördineerder in verband met alle aktiwiteite van die eenheid.
2. Werf lede vir die eenheid.
3. Koördineer aktiwiteite vir die eenheid.
4. Monitor Wapenvrye gebiede.
5. Koördineer nominasies vir 'n provinsiale verteenwoordiger. Die verteenwoordiger hoef nie noodwendig in die spesifieke eenheid te wees nie, en elke eenheid moet 'n verteenwoordiger nomineer.
6. Skakel met ander vuurwapen klubs/assosiasies asook regering op plaaslike vlak (bv. Stad Kaapstad) waar nodig.

### **EENHEID LEDE**

#### **Media**

1. Stel veskeie sprekers aan wat soveel tale as moontlik magtig is.
2. Monitor alle vlakke van die media.
3. Reageer op die media. Dit moet soveel moontlik deur alle lede van die eenheid gedeel word.
4. Verspreiding van nuusbriewe en inligting.

#### **Sosiaal**

1. Identifiseer alle sosiale groepe wat vir die gemene saak gebruik kan word bv. Vrouegroepe, Jeuggroepe, Forums, Klubs, ens.
2. Wees deel van soveel groepe as moontlik.
3. Organiseer geleenthede vir WESA. om voorleggings in die bogenoemde groepe te doen.
4. Identifiseer sosiale byeenkomste, soos onthale, feeste, ens. en kontak die organiseerders om vas te stel of WESA 'n stalletjie of 'n aktiwiteit daar kan hê. Kontak Nasionale kommunikasie Koördineerder as daar 'n moontlikheid is dat die provinsiale “Bemarkings Groep” bemarking kan doen.

#### **Finansies en Bemarking**

1. Probeer fondse insamel by privaat individue of klubs

2. Kontak plaaslike besighede wat belange in vuurwapen-aangeleenthede het en probeer om blootstelling en fondse te verkry.